# DIE SKIETLOOD

206e Uitgawe 23 September 2022 saam met Koersvas 206

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in die *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto

## Die Dordtse Leerreëls

**Hoofstuk 3 en 4: Die verdorwenheid van die mens, sy bekering tot God en die wyse waarop dit plaasvind. Verwerping van die dwalings.**

Die regsinnige leer is uiteengesit. Sekere dwalings moet nou aangespreek word.

**Teks *6.*** *Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Met die ware bekering van die mens word geen nuwe eienskappe, kragte of gawes in sy wil deur God gestort nie. Daarom is die geloof, waardeur ons die eerste keer bekeer word en gelowiges genoem word, nie 'n eienskap of 'n gawe wat deur God ingestort word nie, maar net 'n daad van die mens. Die geloof kan alleen 'n gawe genoem word vir sover as wat die mens deur sy eie vermoë daartoe kom.*
*Die Sinode leer: Daarmee weerspreek hulle die heilige Skrif, wat getuig dat God nuwe eienskappe van geloof, gehoorsaamheid en die besef van sy liefde in ons harte uitstort: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart (Jer 31:33), en: Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal my Gees op jou nageslag giet" (Jes. 44:3), en Die liefde van God is in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is (Rom. 5:5). Hulle is ook in stryd met die voortdurende gebruik van die kerk van God, wat in die woorde van die profeet so bid: Bekeer my, dan sal ek my bekeer (Jer 31:18).* *Qui docent, 'In vera hominis conversione, non posse novas qualitates, habitus, seu dona in voluntatem ejus a Deo infundi, atque adeo fidem, qua primum convertimur, et a qua fideles nominamur, non esse qualitatem seu donum a Deo infusum; sed tantum actum hominis, neque aliter donum dici posse, quam respectu potestatis ad ipsam perveniendi.' Contradicunt enim hæc sacris literis, quæ testantur DEUM novas qualitates fidei, obedientiæ, ac sensus amoris sui cordibus nostris infundere. Jer. xxxi. 33: Indam legem meam menti eorum, ac cordi eorum inscribam eam. Esa. xliv. 3: Effundam aquas super sitientem, et fluenta super aridam; effundam Spiritum meum super semen tuum. Rom. v. 5: Charitas Dei effusa est in cordibus nostris per Spiritum Sanctum, qui datus est nobis. Repugnant etiam continuæ praxi Ecclesiæ, sic apud prophetam orantis: Converte me, Domine, et convertar. Jer. xxxi. 18.*

### Verklarende kommentaar

Die Remonstrante het beweer dat die mens geen nuwe gawe ontvang by geleentheid van daardie persoon se bekering nie. Hulle het beweer dat God geen genadegawe in enige mens ingiet of aan die mens skenk nie. Die mens ontvang met ander woorde by bekering niks van af God nie. Die afleiding wat uit hierdie standpunt gemaak word, is dat die gawes reeds in die mens teenwoordig is. Dit impliseer dan dat geloof nie 'n gawe is nie, maar menslike prestasie. Geloof is met ander woorde die mens se gawe aan homself en nie 'n gawe van God nie.
Die Dordtse leerreëls wil hierdie bewering ten sterkste verwerp.
Die Bybel leer die teendeel. Ons lees daar dat die Here nuwe eienskappe aan die mens gee. Geloof, gehoorsaamheid en die besef van sy liefde in ons harte is nie 'n dormante saak in mense se harte nie. Dit is glad nie teenwoordig in die mens

nie. Dit kom van God af en ons word deur Sy Gees daartoe gebring en daarvan oortuig. Geloof is nie 'n versluierde eienskap van die mens wat op eie inisiatief ontsluit word nie. God gee die mens hierdie gawes soos aangedui in die Skrif aanhalings wat in die teks opgeneem is. Die beste teks om hierdie stelling te staaf is Romeine 5:5. Die kerk het nog altyd die woorde van Jeremia (31:18b) se gebed herhaal: " *Bekeer my, dan sal ek my bekeer, want U is die HERE my God."*

**Teks *7.*** *Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die genade, waardeur ons tot God bekeer word, is niks anders as 'n ligte aansporing nie; of - soos ander dit verklaar - dít wat deur die aansporing plaasvind, is die mees gepaste manier om die mens tot bekering te bring, en pas die beste by die menslike natuur. Daar is geen rede waarom hierdie aansporende genade alleen nie genoeg sou wees om die natuurlike mens geestelik te maak nie. God bewerk die instemming van die wil inderdaad op geen ander manier as deur hierdie aansporing nie. Die krag van die Goddelike werking, waardeur die sataniese werking oortref word, bestaan hierin dat God ewig goeie dinge, maar die Satan slegs tydelike voordele belowe.*
*Die Sinode leer: Dit is suiwer Pelagiaans en in stryd met die hele heilige Skrif, wat, behalwe aansporing, nog 'n ander, baie kragtiger en Goddeliker werkwyse van die Heilige Gees by die bekering van die mens ken: Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee (Eseg. 36:26).Qui docent, 'Gratiam, qua convertimur ad Deum, nihil aliud esse quam lenem suasionem; seu' (ut alii explicant) 'nobilissimum agendi modum in conversione hominis, et naturæ humanæ convenientissimum esse, qui fiat suasionibus; nihilque obstare quo minus vel sola moralis gratia homines animales reddat spirituales; imo Deum non aliter quam morali ratione consensum voluntatis producere: atque in eo consistere operationis divinæ efficaciam, qua Satanæ operationem superet, quod Deus æterna bona, Satan autem temporaria promittat.' Omnino enim hoc Pelagianum est, et universæ Scripturæ contrarium, quæ præter hunc etiam alium, et longe efficaciorem ac diviniorem Spiritus Sancti agendi modum, in hominis conversione agnoscit. Ezech. xxxvi. 26: Dabo vobis cor meum, et spiritum novum dabo in medio vestri, et auferam cor lapideum, daboque cor carneum, etc.*

**Verklarende kommentaar**

Die Remonstrante het ook beweer dat mense 'n ligte genade ontvang wat die mens gewoon aanspoor. Dit gee met ander woorde net stu-krag aan dit wat reeds in die mens teenwoordig is. Dit is die gepaste manier om mense aan te spoor omdat dit inpas by die menslike natuur. God se genade word met ander woorde afgradeer na 'n aansporings-vonk wat die mens se latente potensiaal aanvuur en van die mens 'n geestelike wese maak. God maak nie die mens 'n geestelike wese nie, die mens doen dit self na die aansporing van so 'n vonkie Goddelike genade.

God spoor met ander woorde die mens net aan en dan reageer die mens uit eie inisiatief positief deur sy eie wil te verander en te glo. Die mens maak met ander woorde uit eie oorweging, krag en potensiaal die keuse om te glo. Dit is die beter keuse; aangesien God goeie dinge gee wat ewig duur. Daarteenoor is die voordele van die beloftes van Satan tydelik van aard.

Hierdie lering van die Remonstrante word as suiwer Pelagianisme verwerp. Dit is in stryd met die Skrif wat 'n totaal ander boodskap dra as wat deur hulle voorgehou word. Al word die gedagte van

aansporing nie ontken nie, is daar 'n meganisme wat van groter belang is wanneer daar oor bekering gepraat word. God werk ingrypend in die mens by bekering, Hy werk met die mens se hart - soos blyk uit die aanhaling van Esegiël 36:26 soos in die teks aangehaal.

Waar die Remonstrante met ander woorde bekering sien as menslike onderneming uit eie potensiaal en krag na aanleiding van 'n aansporing deur God, is die Bybel se perspektief dat God ingrypend in die mens inwerk en aan die mens 'n nuwe (metafories gesproke) hart gee. God verander met ander woorde die diepste wese van die mens. Hierdie verandering is nie in menslike potensiaal opgesluit nie, maar in Goddelike genade.